



FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

10 Julie 2020

Geagte Fichie-ouers

Dit is wonderlik om in hierdie onseker tye met u te kan kommunikeer.

Ons besef dat dit die mens se natuur is om baie maklik, baie negatief te raak. By Hoërskool Fichardtpark het ons egter een sekerheid en dit is dat ons weet ons krag en leiding kom van ons Hemelse Vader.

Die twee leerders wat positief getoets het vir COVID-19 vererger waarskynlik ons angs en onsekerheid. Na 'n konsultasie met die ouers van die twee leerders kan ons bevestig dat die leerders nie die virus by die skool opgedoen het nie. Ons glo en vertrou dat hierdie wete u as ouers gerusstelling sal bied.

Die pad vorentoe

- Die twee leerders wat positief getoets het, is in isolasie onder ouertoetsig geplaas. Hierdie leerders moet vir 14 dae in self-isolasie wees. Daarna sal hulle bewyse moet lewer dat hulle wel gesond is en kan terugkeer skool toe.
- Verder is daar 'n lys opgestel van leerders wat kontak met die bogenoemde leerders gehad het, die "close contact list". Hierdie leerders is vir 7 dae in self-isolasie geplaas.
- Met die insette van die Departement van Gesondheid sal die skool heropen:
Graad 10 – 12: Maandag, 13 Julie om 07:30
Graad 8 – 9: Dinsdag, 14 Julie om 14:30
- Die skool sal vir die volgende 2 dae deeglik gesaniteer word en ook veilig verklaar word.

Reëlings vir volgende week:

<u>Maandag, 13 Julie 2020</u>	<u>Dinsdag, 14 Julie 2020</u>	<u>Woensdag, 15 Julie 2020</u>
Dag op rooster: Dag 1	Dag op rooster: Dag 2	Dag op rooster: Dag 3
Begin met toetsperiode. Die volgende toetse word geskryf:	Begin met toetsperiode. Die volgende toetse word geskryf:	Klastoetse wat 15 Julie geskryf word:
Gr.10: Engels	Gr.10: Wiskunde	Gr.10: Wiskunde
Gr.11: Geskiedenis	Gr.11: Wiskunde	Gr.12: Drama
Gr.12: Wiskunde	Gr.12: Afrikaans	
	Klastoetse van Dinsdag, 14 Julie, skuif na Woensdag, 15 Julie.	

Akademie program:

Die rooster bly dieselfde. Donderdag, 9 Julie, verval egter.

Akademie:

Leerders wat nie skool toe kom omdat hulle siek is nie, moet seker maak hulle is deeglik bewus van elke personeellid se wekswyse, hetsy dit Google Classroom of WhatsApp-groepe is.

Leerders wat siek is en by die huis gebly het as gevolg van griepsimptome moet die eerste dag nadat hulle terugkeer skool toe eers by die kantoor aanmeld en rapporteer by een van die twee adjunkhoofde.

Ons vra ook dat ouers leerders sal aanmoedig om alle reëls en regulasies van COVID-19 te gehoorsaam.

Ons plaas ons hoop in ons Hemelse Vader en glo dat ons saam deur hierdie moeilike tye sal kom.

Fichie- groete



H vd Merwe

Skoolhoof